

**Engela Linde
D. H. Steenberg**

**SONDE EN MISTIEK IN KRONIEK VAN PERDEPOORT (ANNA M.
LOUW)**

ABSTRACT

When one keeps in mind the religious nature of *Kroniek van Perdepoort*, the idea of the presence of mysticism, which has been called the "religion of the elite" in this novel is not strange at all any more.

The basic meaning of mysticism is a "yearning for unity", a unity with something greater than oneself. Man can progress on his way to his spiritual objective by means of four steps, viz. purging, purification of the will, illumination of the soul and unification (of the being with the deity).

These steps are all to be distinguished in the text of *Kroniek van Perdepoort*, and in this article the mystical elements in the novel are traced.

Die mistiek word makliker met die poësie as met die prosa geassosieer, onder ander ommdat dit 'n soort kennis is wat moeilik in woorde uitgedruk word. In die *Encyclopaedia Britannica* (S.G.K., 1984:786) word daarerna verwys as "knowledge of the most adequate kind, only it cannot be expressed in words". Uit hierdie oogpunt vergelyk hierdie artikelskrywer ook die mistiek met die poësie: "Mysticism, (...) like poetry, depends more on paradoxes and an unusual use of language"

(1984:786). Wanneer 'n mens egter die religieuse aard van 'n prosawerk soos *Kroniek van Perdepoort* en die plek van sonde daarin in gedagte hou, is die gedagte aan die voorkoms van mistiek, wat al "religion of the elite" (S.K.G., 1984:786) genoem is, in hierdie roman nie meer so vreemd nie. Net soos sonde, wat inherent vervreemding van God is, kom die mistiek ook voort uit vervreemding, en word dit inderdaad beskryf as "a way of counteracting the experience of alienation" (S.K.G., 1984:786). Dus is sonde en mistiek 'n baie waarskynlike hoek waaruit hierdie roman benader, geïnterpreteer en beskryf kan word, en regverdig die moontlike verhouding tussen hierdie aspekte van menslike handeling in die wêreld van hierdie roman noukeuriger ondersoek.

1 Anna M. Louw en mistiek

Uit die volgende verwysing in 'n gepubliseerde gesprek van Anna M. Louw (Louw, 1972:69 en 65) blyk dat sy 'n denker oor die mistiek en 'n aanhanger van mistieke literatuur is: "Ek is instinkmatig aangetrokke tot die religieuse roman . . . Ek lees ook baie werke van 'n godsdiestige aard, godsdiestige filosofie en oor die Oosterse godsdiens. Ek lees graag oor die mistiek . . . eers net die panteïsme, wat geen godsdiestige inhoud het nie. Dit het logies geleei tot 'n deurdring van 'n belangstelling in die teïstiese mistiek." Hierdie opmerking skep die vermoede van 'n neerslag van mistieke elemente in *Kroniek van Perdepoort*, wat by verskyning allerweé as die hoogtepunt van Louw se oeuvre ontvang is.

Dat *Kroniek van Perdepoort* 'n godsdiestige roman is met die sonde as hoofmotief, versterk die vermoede van die aanwesigheid van mistieke elemente omdat mistiek, hoewel nie altyd religieus van aard nie, wel sy oorsprong het in dit wat rou materiaal van alle godsdiens is: ". . . a consciousness of a beyond" (Happold, 1948:18). Mistiek sonder godsdiens is dus denkbaar, maar nie godsdiens sonder mistiek nie. Hiervolgens sou godsdiestige literatuur dus bykans noodwendig elemente van die mistiek moet vertoon.

Nog 'n buitetekstuele verwysing verdien aandag, omdat dit in verband gebring kan word met mistiek. Anna M. Louw verklaar in 'n onderhoud met Bouwer (1976) dat sy twintig jaar lank behoort het aan die Unitariese kerk, wat met sy hoofleer van Unitarisme, ook genoem Anti-Trinitarisme, die goddelikheid van Christus en die leer van die Drie-eenheid ontken (Short, 1978:859). 'n Spoor van hierdie leer is

moontlik te bespeur in Koos Nek se opmerking, wat deur sy seun Jan hoogs lasterlik gevind word:

“Wat weet ons van Hom af? Net dat Hy volmaak is en om dié rede nie jammerte of pyn ken nie . . . Die eintlike toets sou gewees het as Hy getrou en kinders grootgemaak het” (p. 189).¹

In die eeuvelange ontwikkeling en vestiging van die Unitariese kerk was daar ook onder andere elemente van Neo-platoniese mistiek (wat berus op die beginsel dat die innerlike verhewe is bo die uiterlike) en Transcendentalisme. Universalisme, 'n beweging wat in 1961 in die VSA met die Unitariërs saamgesmelt het, se oorspronklike leer was deels Calvinisties, deels mistiek, wat te begryp is as in ag geneem word dat die grondlegger van die Universalisme in die VSA 'n Franse mistikus, George de Benneville, was. 'n Groot verandering het in die 19de eeu ingetree in die Unitariese siening van God, naamlik vanaf God as oorsprong na God as onderhouer: “. . . not as First Cause prefixed to the scheme of things, but as indwelling Life pervading it” (Short, 1978:861). Hierdie aspek van die Unitariese leer toon ooreenkoms met die panteïsme, wat die alomvattende inklusiwiteit van God beklemtoon (Reese, 1978:948). Die verklaring van die skryfster dat sy die panteïsiese mistiek bestudeer het, het waarskynlik hierop betrekking.

Hierdie verwysings dien as leidrade tot die ondersoek van moontlike mistieke trekke in die teks van *Kroniek van Perdepoort*. Dit is daarom allereers nodig dat mistiek omskryf word en dat herkenbare trekke daarvan terselfdertyd in die teks geïdentifiseer en uitgelyk word.

2 Omskrywing van mistiek en voorkoms daarvan in die teks

Die woord 'mistiek' kom net een keer in die roman voor, naamlik by toekenning van mistieke betekenis aan Annie se gebaar om die krans op die kis van Koos Nek vas te hou (p. 67). As 'n mens egter uit 'n religieuse hoek na hierdie roman kyk, blyk dit dat daar voldoende aanduidings van mistieke ervaring is om 'n noukeuriger ondersoek na hierdie aspek van die roman te regverdig.

Daar word eerstens gekyk na wat mistiek is. Die woord kom van die

1. Bladsynommers tussen hakies verwys na LOUW, Anna M. 1975. *Kroniek van Perdepoort*. Kaapstad: Tafelberg.

Grieks *mustikos*, waarvan die wortel beteken: om die oë te sluit. Definisies van mistiek is gevarieer, maar die kernbetekenis bly deurgaans 'n smagting na eenheid. "Grof gesproken: zij wil eenheid – *unio mystica*." (De Knijff, 1973:17). Mistiek is dus 'n eenheid, of begeerte tot eenheid, met iets groters as die self, hetsy 'n beginsel wat die heelal deurdring, hetsy 'n persoonlike God, hetsy 'n transendentale ryk.

Hierdie smagting word meermale, meer of minder verbloem, aangetref in *Kroniek van Perdepoort*. Klaas wag steeds op die oomblik van illuminasie (p. 187). Soms benieu dit Kobus om te weet of dit moontlik is om 'n ondenkbare helderte te bereik (p. 102). En Chris dink: "... iets moet met jou gebeur ..." (p. 181). Jan wag knaend op 'n verskyning vanuit die lugruim (pp. 29, 87, 220, 228) – 'n smagting wat herinner aan Happold (1984:21, 32) se waarneming van die mens op soek na "the truth of the universe" ... "the astronomer's universe". Annie verlang na 'n stem wat antwoord, 'n skielike lig (p. 148) – 'n smagting wat op sy beurt herinner aan Hensen (1973a:143) se uitspraak: "... er is een lijdensmystiek waar men zich verlustigt in een oceaan van tranen en smachten. Staaltjes van nonnenmystiek zijn er te over. Maar dat is niet het wezenlijke." Voorts getuig ou Vaalwater en ouma Oumeid albei van die besonderse ligte wat hulle gesien het (p. 237).

As 'n vorm van lewe-in-diepte dui mistiek aan dat die mens die versamelgrond is vir verskeie vlakke van die werklikheid, dat hy meer as eendimensioneel is en dat hy na sy geestelike doel kan vorder deur vier stappe, te wete suiwing ("purgation")², dit wil sê suiwing van liggaamlike begeertes, purifikasie (van die wil), illuminasie (van die siel) en unifikasie (van die syn met die goddelike, Ghose, 1978:786). Die stappe kan verskillend uitgewerk word, maar vertoon steeds hierdie vaste, onderliggende patroon. Jelsma (1973:113) maak byvoorbeeld van slegs drie stappe melding, te wete *via purgativa* (katarsis, reiniging), *via illuminativa* (*ellampsis*, verligting) en *via unitiva* (*henosis*, eenwording).

Hierdie stappe val almal te onderskei in die teks van *Kroniek van Perdepoort*. As student het Klaas, byvoorbeeld, gehoop op 'n soort vasevuur (*purgatorium*) (p. 161). Soms het hy hom verbeel hy sien 'n verandering in sy gesig in die speël, "... miskien tog gesuiwerdheid" (purifikasie) (p. 161). Tydens sy ontmoeting met die duivel word dit

2. Dis jammer dat die woord "purasie" in Afrikaans bloot die betekenis van suiwing van die ingewande behou het en nie, soos "purgation" in Engels, op geestelike suiwing ook kan dui nie.

trapsgewys liger in die kamer (illuminasie) (p. 251). Daarna verenig Klaas hom met sy wettige vrou (unifikasie) (p. 260), terwyl daar 'n suggestie is van 'n moontlike unifikasie met God (p. 59).

Ten opsigte van Chris is daar besliste mistieke visies wat eksplisiet beskryf word (p. 140–141) en wat geëvalueer sal word wanneer die soorte mistiek omskryf word. Ten einde dit te kan doen, word daar eerstens gekyk na wat mistiek nie is nie. Beide Happold (1984:36) en Van der Leeuw (1925:3) wys op die mistastinge in hierdie verband. Mistiek is naamlik nie 'n soort verwarde, irrasionele denke, of spiritualisme, of die gevolg van patologiese toestande, of 'n newelagtige uitkyk nie. Dit is nie bloot misterieus nie en dui nie die okkulte aan nie. Dit is voorts nie profetiese religie of shamanisme (psigiese transformasie) nie, ofskoon die ekstase van shamanisme kan lyk na die purgatiewe stadium van mistiek; (Ghose (1978:786) definieer shamanisme as 'n tegniek van ekstase wat gevind word in Siberië en Sentraal-Asië, met parallelle in primitiewe samelewings.)

Mistiek is wel die drang om onder die oppervlak van verskynsels te soek na iets diepers, ten einde die sin en syn van dié verskynsels te openbaar en dit in sinvolle samehang met ander verskynsels te bring. Die gelowige ervaar hierdie totaalverband as 'n samehang in God (De Knijff, 1973:19).

Ghose (1978:787) onderskei tussen drie vorme van mistiek: intellektueel/kontemplatief, ekstaties/eroties en godsdiensdig. Hoedat hierdie soorte mistiek ten opsigte van die karakters in *Kroniek van Perdepoort* oorvleuel, sal duidelik word namate hulle mistieke aanleg en ondervindings breedvoeriger geëvalueer word.

Happold (1984:40–42) onderskei tussen mistiek van liefde en eenheid teenoor mistiek van kennis en begrip. Hierdie onderskeid vloeи voort uit die twee basiese drange in die mens: die drang na vryheid versus die drang na gebondenheid. Hierdie konflik openbaar hom ten volle by die romankarakters, wat konsekwent hunker na vryheid en afsondering, maar mekaar ook nie kan en wil uitlos nie. Hulle bly kontak soek, al is dit aweregse kontak wat manifesteer in hulle skewe verhoudings en gesindhede.

Benewens hierdie indeling, dien Happold (1984:43) nog 'n indeling aan wat besonder goed te pas kom in die evaluering van mistieke momente in *Kroniek van Perdepoort*. Hy praat van natuurmistiek, sielsmistiek en

Godsmistiek. Hy stip sekere kenmerke aan wat al drie gemeen het (ibid. 45–48):

- Dit het 'n element van onsebaarheid (onmededeelbaarheid). Dit blyk beslis uit Chris se mistieke visie, wat hy nie in woorde aan sy pa kon oordra nie: "En probeer sê, maar wis nie hóé nie" (p. 141).
- Dit het 'n noëtiese kwaliteit; dit betrek met ander woorde die wil, verstand. Ten opsigte hiervan verklaar ook Smelik (1973:80): "Menigmaal bewandelt de mysticus de weg van rationele denken, en maakt gebruik van het bekend denkmateriaal."
- Dit is kortstondig. Die frekwensie kan nietemin deur 'n sekere lewenspatroon verhoog word en kan selfs beheerbaar word, veral in die illuminasiestadium.
- Die mistikus het 'n gevoel van passiwiteit; die ondervinding word aan hom "gegee". Nogtans kan hy hom deur 'n purgatiële weg voorberei op mistieke ondervindinge. "Gratis genade," besluit Chris oor sy mistieke visies (p. 141).
- 'n Algemene kenmerk is die bewustheid van eenheid-in-alles. So ondervind Chris dit ook: straatoppervlakte en bome en ander siele kommunikeer met hom (p. 140); hy kry klippe en gras en die paddas lief (p. 141).
- Daar is 'n gewaarwording van tydloosheid, sonder gebondenheid aan horlosietyd. Alles is "nou". Vir Chris het 'n kosmiese horlosie ook 'n oomblik stilgestaan (p. 140). Klaas hoop durend op die ewige *nou* (p. 125).
- Daar is 'n oortuiging dat die bekende ego nie die ware ek is nie. So vind Chris hom plotseling vasgevang in 'n ontleding van die swaar self (p. 140), en Klaas hunker om totaal weg te kom van sy ware self in 'n salige nie-bestaan (pp. 58, 186). Hierdie hunkering van Klaas dui op Nirvana, die end van die Pad, die uitblussing van die nie-self (Brahman) in die voltooiing van die Self (Atman) (Happold, 1984:80).

Happold se voorgenoomde indeling van mistiek word deur Auden (1980:382–394) onderskraag as hy praat van welwillendheidsvisie ("Vision of Dame Kind"), Eros-visie, agape-visie en Godsvisie.

- Welwillendheidsvisie kan anorganiese voorwerpe (berge, riviere) of

organiese voorwerpe (bome, blomme, diere) betrek. Indien mense betrokke is, is die mistikus nie grootliks gemoeid met hulle nie. Hy ervaar al hierdie voorwerpe as beduidend, bykans heilig, en 'n toestand van onskuldige vreugde vervul hom. Die self en sy begeertes word totaal vergeet. Seksuele eenwording word hier nie as analogie gebruik nie, aangesien die objekte nie-menslik is en die terme "moreel goed" en "moreel boos" nie geld nie. Hierdie soort visie kom veral by kinders, adolesente en meer primitiewe volkere voor. Dit is nie spesifiek Christelik nie, dog ook nie in stryd met die Christelike geloof in die goedheid van Gods skepping nie. Dit betrek nog die intellek, nog die wil. Chris Lotriet se aanvoeling vir sy ruimte (pp. 140–141) dui ongetwyfeld op hierdie soort visie. Happold (1948:131) het 'n soortgelijke ervaring geboekstaaf, soos ondervind deur 'n negejarige doigttertjie: "Suddenly the Thing happened, and, as everybody knows, it cannot be described in words . . . I was alone in the meadow with . . . the brook and the sweet-smelling lime trees. But though it passed . . . I was filled with great gladness. I had seen the 'far distances.'"

Uit hierdie uitleg van welwillendheidsvisie blyk dit duidelik dat Chris Lotriet sowel as Koos Nek, dié mistieke visies verkeerdelik interpreteer as uitverkorenheid: "Omdat jy tog 'n roeping het, van kleins af was daar die oortuiging van iets *anders* . . . die ervarings wat hy van kleins af het . . .", bespiegel Chris oor sy roeping, terwyl hy voorheen ook die vermoede gehad het dat sy pa hom as uitverkorene beskou toe hy van die visies hoor (pp. 140, 141). Hiervolgens maak hulle hul selfs aan hoogmoed skuldig (kyk 4 hieronder). Voorts verwarr Chris hierdie welwillendheidsvisies met Godsvisie wanneer hy dit beskou as die gratis genade waarvan die kerkvaders gepraat het (p. 141). Dit is nie duidelik of die verteller hier doelbewus vir Chris as fokalisator gebruik om 'n verkeerde standpunt oor hierdie visies te huldig nie (wat in lyn sou wees met die karakters se dikwels skewe siening van sake), en of dit foutiewe vertellersuitleg is nie.

- Eros-visie is, volgens Auden, ook 'n oneweredige relasie soos by welwillendheidsvisie. Dit is ook 'n openbaring van stoflike glorie, maar in hierdie geval is dit toegespits op 'n enkele menslike wese teenoor wie die subjek hom nie waardig voel nie. (Auden gebruik hier die voorbeeld van Dante en Beatrice). Hier is wel 'n bewuste seksualiteit teenwoordig, maar fisiese begeerte is ondergeskik aan die gevoel van ontsag en eerbied in die teenwoordigheid van 'n onskendbare wese. Die minnaar voel onwaardig om die geliefde se aandag te ontvang. Eros-visie duur nie voort as daar 'n seksuele relasie ontstaan nie. Bowenal stel

Eros-visie 'n vloed psigiese energie vry vir aksie buite die geliefde om. Die soldaat veg dapperder en die denker peins met groter helderheid.

- Agape-visie kom voor in 'n relasie tussen gelykes. Die klassieke Christelike voorbeeld hiervan is Pinkster. Agape-visie is egter nie altyd uiteraard religieus van aard nie. Ook kan die onderskeid tussen Eros- en agape-visie soms dun wees (Ghose, 1978:788). Dat hierdie soort visie veelal ontbreek in *Kroniek van Perdepoort*, is sprekend van die geestelike gebrokenheid en onvolkomenheid wat gebeeld word. Tereg verklaar Smuts (1979:15): "Koos Nek se opstand het ook opstand teen die Kerk ingesluit . . ." Hieruit moet logies volg dat sy verhouding met ander kerklidmate gebroke was, soos blyk uit sy mislukte boetedoeningspoging (p. 165). Annie se vertedering teenoor ou Vaalwater duig egter ongetwyfeld op 'n soort agape-visie (p. 147).
- Godsvisie is 'n ongelykwaardige, maar wedersydse relasie tussen die siel en God. Daar is egter, volgens Aalders (1973:102) mense met 'n ryk ontwikkelde geestelike lewe wat nooit egte mistieke ondervindinge het nie. Koos Nek verklaar dat hy nooit 'n stem hoor roep het nie (p. 7), en tog het hy skynbaar wel deurgebreek na die Boom van die Lewe (p. 255).

Chris Lotriet se mistieke visies dui beslis nie op Godsvisie nie. Want, onmiddellik "ná die oomblik van uitvaart," neem die liggaam se "donker deel" dikwels oor (p. 141). Die "aanswelling" wat hier ter sprake is, kan wel op masturbasie dui, gesien in die lig van 'n verwysing elders: ". . . Jou willens en wetens oorgee? Spanning afblaas om te verhoed dat jy later jou selfbeheersing verloor? Jy kan aanmoedig: die stroom uit sy oerbedding ontbied" (p. 134). Dat erotiek 'n gewisse rol in mistiek kan speel, word deur verskillende skrywers bevestig. Van der Leeuw (1925:37) praat van erotiese beelde in samehang met mistiek, terwyl Smelik (1973:79) verklaar: "In talloze vormen en termen, vaak overeenkomende met die van erotiek, drukt de mystiek zich uit." Ghose (1978:788) beklemtoon ook: ". . . in an unpurified medium, the experiences may and do give rise to erotic feelings". Dat Chris in hierdie sin 'n ongesuiwerde medium is, val nie te betwyfel nie. Hy eien self sy mistieke ervaringe as die keersy van sy wellus, daarom dubbel verdag (p. 141). Uit 'n Christelike oogpunt kan al hierdie soorte visies seënryk wees, mits dit goeie werke uit dankbaarheid tot gevolg het. Aan die ander kant kan dit die subjek laat verval in 'n superieure trots oor sy ondervindinge en kan dit lei tot duisternis en destruksie (kyk 4 hieronder). Vanuit die teks wil dit lyk asof Koos Nek, veral teen die

einde van sy lewe toe hy tot geestelike verdieping begin kom het, nog die meeste mistieke trekke van al die karakters openbaar het. Sy ouderdom was “helder en vreedsaam” (*via illuminativa?*) (p. 123). Dat hy deur die smeltkroes (*purgatorium*) gegaan het, is meer as net ‘n vermoede (p. 7).³ Nog vier eienskappe van die bejaarde Koos Nek vind weerklank in die sfeer van mistiek.

Eerstens bid hy, volgens eie verklaring, nooit vra-gebede nie (p. 6). Volgens Jelsma (1973:109) is dit ‘n eienskap van die mistieke bidder wat krities staan teenoor die gebed waarin die gelowige sy nood aan God voorlê en Hom om uitkoms vra. Reeds Augustinus, vader van die Westerse mistiek, het gesê dat jy van God niks anders moet verlang as God self nie (Jelsma, 1973:110). Wolters (1974:39) herken by Juliana van Noorweë ook dié gebedseienskap: “For to love God there must be real freedom from the desire of all good things, though they are still good and splendid things, created by God. Prayer is basically a longing for God.” Wolters vervolg: “Again and again the English mystics of the fourteenth century remind us that prayer is primarily concerned with God, and not with need. Hence without this intense desire there can be little or no progress in the spiritual life.” Hoe suwer hierdie gebedstrek by Koos Nek ontwikkel het, is onbepaalbaar – hy was immers altyd ‘n trotse man wat nie maklik hulp aanvaar het nie (p. 22). Volgens bostaande uitleg van Jelsma is gebed ‘n voortsetting van meditasie. Die sieke wat dus nie om genesing bid nie, doen bewus en vrywillig afstand van ‘n bestaande moontlikheid, bereid om self ontgees te word.

Tweedens is daar Koos Nek se swygsame geheimsinnigheid. Niemand het hom ooit werklik geken nie (p. 19), hy het nooit intieme vriende gehad nie (p. 21), hy het ‘n raaisel gebly (p. 21), was ingewikkeld en geheimsinnig (p. 189), word hoe later hoe stiller (p. 187). Van der Leeuw (1925:11) verklaar: “. . . de eigenlijke taal der mystiek is

3. Hierdie “smeltkroes” duï op lyding (*via purgativa*), die donker nag van die siel. Hensen (1973b:143) verklaar hieroor: “Het valt mij op dat de grote mystici aller tijden wel getuigen van de donkere nacht, de ‘Entleerung’, de ‘Einöde’, de ‘woestijn der donkerheid; maar nooit en te nimmer van de zwarte nacht.’” Happold (1984:58) maak melding van twee donker nagte van die siel: “The first night . . . is of the senses, the second of the spiritual part of the soul.” Wolters (1974:40) verklaar dat Juliana van Noorweë nie hierdie donker nag van die siel ondervind het nie omdat sy enersyds ‘n hoopvolle, opgewekte geaardheid gehad het en andersyds nie gesukkel het om te glo aan die goedheid van God nie. Sy het aangetoon dat al die roetes na die Hemelse Stad nie ondergronds hoeft te loop nie. Die Lotrietsleen hulle egter uitstekend vir hierdie ondergrondse roetes, synde ‘n vreugdelose familie (p. 201) en juiste proefbuis van die sewe aartssondes (p. 6).

zwijgen". Hierdie swygsaamheid, wat die naaste moedswillig uitsluit, kan egter ook 'n vorm van hoogmoed wees (kyk 4 hieronder).

Derdens is daar 'n moontlik mistieke betekenis in Koos Nek se terugkeer na die kindsheid (p. 7). Van der Leeuw sê in hierdie verband: "Psychologish noch teekenender dan het beeld van het zwijgen is dat van de terugkeer tot de kindsheid. De ontwording is – niet een wedergeboorte – maar een afbraak van het bewuste leven en een terugzinken in het 'liebste Kinderleben' (Tersteegen)" (Van der Leeuw, 1925:12).

Vierdens is daar Koos Nek se weggeedrang teen die einde, vir sy seun Attie 'n bron van kwelling: "Wat sy oorlede pa in godesnaam besiel het om die kosbare goed in Klaas se hande te gee? Skielik, kort voor sy dood, die gejuk om weg te gee" (p. 118). Volgens Jelsma (1973:114) is vrywillige armoede 'n onvermydelike voorwaarde vir 'n werklike omgang met God: "... dit wordt door alle mystici van formaat bevestigd".

Klaas se mistieke trekke het op 'n syspoor beland toe hy as student te doen gekry het met Boeddhistisme, en hy bly vasgevang in reste van dié leer. Tipies Zennisties, sien hy sy lewe as lyding (p. 247), hy probeer aan hierdie lyding ontsnap deur sy asemhalingsoefeninge (pp. 120, 186, 251), en 'n getob (pp. 248, 259) wat skaars nog 'n afskaduwing van kontemplasie is. Talle ander verwysings spreek van Klaas se preokkupasie met Boeddhistiese filosofie, onder andere die pynlike verlange na 'n pynlose vergetelheid (p. 184), na nie-gedagtes (p. 259), nie-bestaan (p. 58), die oomblik van die ewige *nou*, dit wil sê die ryk wat anderkant relatiwiteit lê (pp. 125, 255), nirvana (p. 125), meditasie (p. 129), asemhalingstegnieke en asanas (p. 186), die afdoen van begeerte (pp. 183, 192) en reïnkarnasie (pp. 58, 188). Die mistieke trekke in Klaas is dus ongetwyfeld Oosters. In hoe 'n mate hy 'n egte en geslaagde mistikus is wat sy mistiek opbouend bedryf, sal in 4 besien word. Dis wel seker dat hy asketiese trekke openbaar, veral ten opsigte van sy onnetheid, sy kamergebondenheid en sy weerhouding van ander mense, al drie asketiese kenmerke (Voöbus, 1978:136). Van der Leeuw (1925:18) verklaar dat, aangesien opregte askese 'n weg van oefening is, die mistiek askese nie kan mis nie. Die moontlikheid bestaan egter steeds dat Klaas se askese nie opreg is nie, maar dat dit blote *acedia*, lewensmoegheid, is wat askese imiteer.

Daar is reeds vroeër in hierdie paragraaf gewys op die mistieke smagting wat by vele van die karakters voorkom. Nog 'n openbaringswyse

hiervan, benewens reeds genoemde verwysings, is die manier waarop die karakters in tye van skrik of krisis of benouing boontoe roep of boontoe dink. Dit verraai iets van wat Happold (1984:41) noem: “. . . man's search for God”. Dit is 'n ontvlugting na iets groters as die self: “Ag, Jeses!” en “Hemelse Vader!” sug Jan in die aangesig van sy lot (pp. 88, 89). Mietjie vloekbid: Wag maar, Bis Kowis, Jesu Kristi, Moeder Marja, wag maar . . .” (p. 101). In die uur van krisis vergeet sy die Moeder en die Kind en skreeu: “Gottagot!” toe sy Kobus se lyk vind (p. 31). *“Eina, gottatjie,”* weet selfs Kolie om te kreun as Jaco hom afknou (p. 143).

Dié verlange, wat deur Happold (1984:18) ook genoem word: “. . . a consciousness of a beyond,” kom nog meer eksplisiet as net deur die boontoe roep, te voorskyn in die teks. Johnny, 'n ruwe karakter, kroegman in die dorpslokasie, vind dat Sondag altyd sy hartseerste dag is (p. 18). Ou Mietjie sien nie meer kans vir die “aardske dal” nie (p. 74), en ou Vaalwater reken: “. . . dit bepas ons ammal om te gelang” (p. 234). Soms hunker hy, Vaalwater, na “die stad van puur goud en die poorte van pêrels” (p. 72). Willem Frey bely: “Somtyds . . . verlang ek ook, maar toe ons die jong vanmiddag kis en ek kyk so na hom, was ek maar bly ek is nog aanle lewe” (p. 234).

Die Bruinmense in die roman vorm trouens nog die natuurlikste mistici, veral ten opsigte van hulle relativering van tyd. “. . . of hy die wêreld se tyd het,” dink Attie ten opsigte van Jantjies, die melkjong (p. 78). “Verveling kwel blybaar nie die ou Bruines nie,” besluit Klaas, en wonder: “Ander soort bewussynsvorm?” (p. 124). Ou Mietjie ken die taal van swye: “Sê egter niks nie . . . Die ouvrou roer haar skouers om te wys sy't nie sinnigheid vir uitstal nie” (p. 16).

Van der Leeuw (1925:7–8) skryf dat die primitiewe mens geen vaste grense trek tussen homself en die buitewêrld nie, en dat daar gevvolglik meer tereg kom van eenheid, van identifikasie tussen subjek en objek: “Hij vereenzelwigd zich met dieren en planten.” Hier hoef 'n mens maar net te dink aan hoedat die kleingoed die paddas en Kolie die boklammers na-aap (pp. 237, 38). Ofskoon die Bruinmense in die roman nie uit en uit vergelykbaar is met die primitiewe mens nie, word hulle tog gebeeld as 'n trappie laer in ontwikkeling as die ander karakters, en veelal nader aan die natuur. Selfs Kolie word hiervolgens 'n mistieke figuur, nou verbind aan die aards-sintuiglike. Van der Leeuw wys egter terselfdertyd daarop dat hierdie mistiek nie volkome is nie, synde gerig

op dinge van hierdie wêreld en nie op die dinge aan gindse sy van hierdie wêreld nie.

Met voorafgaande omskrywing van mistiek en die bepaling van die voorkoms daarvan in die teks, is aangetoon dat mistiek in die roman nie oor die hoof gesien kan word nie, en word daar gekyk na 'n verdere openbaringsvorm daarvan ten opsigte van die karakters.

3 Paradoks: realiteit en die transendentie

Die konflik tussen goed en kwaad manifesteer hom in die gebeelde ervaring van die karakters ook in 'n paradoks tussen die syn en die nie-syn. Dit kan miskien die beste opgesom word by monde van Smelik (1973:85). "De breuk, de knak, de barst in het bestaan, de absurditeit, de wanhoop, die niets anders dan in een perzonlijk gevecht kunnen worden verklaren, het zijn momenten in de existentie, die tot hemel-bestormende klachten geworden zijn." Vanuit hierdie gedagte trek Smelik die lyn deur na mistiek: "En de mystiek, oplevend in allerlei geestesstromingen in of buiten de kerk, is aan de orde van de dag. Er lopen ook lijnen van mystiek naar de revolutionaire bewegingen . . . overal waar de mystiek leeft, word voor de gelovigen de vraag naar het wezen der existentie opnieuw gesteld."

Dat die karakters in *Kroniek van Perdepoort* worstel met hierdie bestaansproblematiek, met die breuk, die knak, die bars, die absurditeit, die wanhoop, is onweerlegbaar. Verhoudings en huwelike wankel, geloof taan, die sonde heers met 'n harde hand in die poort en bereik in werking en uitwerking 'n absoluut intense speerpunt rondom Koos Nek se herbegrafnis. Die mistieke smagting om aan hierdie omstandighede te ontsnap, word terselfdertyd 'n eksistensiële angsroep om verligting, verlossing, transendentie: "'Ek dood! Ek versmoor!" kerm Kobus in sy toestand van horries (p. 102). Chris wag dat iets moet gebeur om bid en smeek onnodig te maak (p. 181). Annie kruip bykans haar knieë deur en hoop op 'n stem, 'n skielike lig; haar gedagtes dwarrel oor die put van die onsielike (pp. 148, 146). Selfs die lughartige Adriana bespiegel, by monde van haar onderwyser, dat die Here dalk 'n straal soos lig, of elektrisiteit, kan wees (p. 25) – 'n verwysing na illuminasie. Miemie vind haar lewe so ondraaglik dat sy beplan om Attie te verlaat (p. 150). Attie sidder vanweé die dodelike besmetting in die poort (p. 83). Klaas probeer sy lewe lank nog drywe: "Op die see wat eindeloos lyk, maar skielik in 'n afgrond kon stort" (p. 191). Koos Nek, die prototipe van al

hierdie geteisterde karakters, weeklaag by geleentheid teenoor sy seun Klaas: “Die tyd gaan verby en niemand skyn beter te word nie, al bly jy hoop” (p. 191). Jan voel sielsongelukkig in ’n wêreld wat hy nie kan verander nie, en deursoek die lugruim in die hoop op ’n teken (p 220).

Hensen (1973b:8–9) praat van bestaansmystiek, waar iemand in situasies van persoonlike lyding en krisis nie kan terugval op geïnstitutionaliseerde sekerhede nie. Wat dan oorbly, is die lewensvlam, iets wat af en toe soos ’n bliksemflits die bestaan bevestig. Die verkrummeling van sekerhede is die Perdepoortkarakters ook nie onbekend nie: ’n plaas, ’n familie, ’n hele dinastie is besig om te verkrummel; selfs die kis van die stamvader breek en vertoon die gerelativeerde reste van die eens trotse Koos Nek.

Van hierdie eksistensiële dilemma van die Westerse mens oor die algemeen, sê Wijngaarden (1969:43): “In het worstelen van de mens met allerlei problemen van persoonlijke, sociale, maatschappelijke aard e.d., uit zich een verlangen naar een *andere* toestand van zichzelf, van de maatschappij, van de wereld.” Die mens wil dus as ’t ware verteenwoordig word in iets wat homself oorskry – ’n voortreflike teelaarde vir mystiek. “Mysticism will always be . . . a way of counteracting the experience of alienation . . . the discovery of a nonphysical element in man’s personality is of utmost significance in his quest for equilibrium in a world of apparent chaos.” (Ghose, 1978:786.) Op so ’n wyse ontdek ou Vaalwater die non-fisiese element in sy bestaan, as ’n spook aan hom verskyn en hom dwing om sy “oorle pape” se biesiehuis brand te steek.

Die keuse wat ou Vaalwater hier moes doen, korrespondeer voorts met die nimmereindige reeks beslissings wat die mens (en spesifiek die karakters in *Kroniek van Perdepoort*) voortdurend moet maak. Smelik (1973:82) verklaar dat die mens eksisteer volgens sy keuses, terwyl diere en dinge bloot bestaan. Gedurig moet hy kies tussen alternatiewe waarmee hy gekonfronteer word en op die basis waarvan hy sy lewe kan projekteer (Abagnano, 1978:73). Skuld as gevolg van verkeerde keuses volg logies hieruit.

Die verhaalgegewe in *Kroniek van Perdepoort* bring duidelik die konstante reeks verkeerde keuses waarmee die karakters in ’n konflik tussen die goeie en die bose beland, na vore. Die Lotriet-broers het (volgens hulle) verkeerd gekies en met nulle getrou (p. 209), met gebroke huwelike tot gevolg. Daar is ook keuses van lewensgewoontes en -instelling; kortom, keuses as gevolg waarvan die verskillende

aartssondes uiteindelik in die karakters vergestalt word. So worstel Chris, byvoorbeeld, daglank met die keuse om rivier toe te gaan, terwyl hy wéét dat die versoeking hom daar sal oorval. Uiteindelik gaan hy tog, en maak hom skuldig aan byna-verkragting van Adriana (pp. 225, 231).

Die wesenstrekke van eksistensialisme kom in dié roman in heelwat meer gedaantes te voorskyn. Samehangend met die mistieke smagting, is daar durende eksistensiële angs. Dit is meer as angs vir 'n spesifieke gevaar, ofskoon dit in die boonste betekenislaag van die verhaal so kan lyk: Attie vrees die bokpoot van 'n stedelike ontwikkelingsgroep (p. 84) en 'n hartaanval (p. 92). Klaas voel ontsetting by die aanskoue van die rare vreemdeling in die dorp (p. 157), en hy is ook bang dat Annie kan wegloop (p. 182). Kolie is bang vir 'n afranseling van Jaco (p. 40), Miemie vrees die wind in die piesangbos (p. 241). Die Bruinmense sit verskrik toe hulle koddige geluide hoor (p. 236). Dis egter 'n ander soort angs wat hier ter sprake is: "Dread, therefore, . . . is rather the emotive understanding of the nullity of the possible or, as Jaspers says, of the possibility of Nothingness" (Abbagnano, 1978:77). Happold (1984:121) maak 'n oorvleuelende waarneming as hy ten opsigte van die mistikus verklaar: "A lonely being, contained in the brief span between birth and death, as a material entity he is only an insignificant bundle of atoms in a vast, frightening, impersonal universe, soon to return to dust and be known no more." Daarom is dit insiggewend as Attie dink: "Wanneer iemand nie teenwoordig is nie, . . . is dit eintlik of hy dood is; en wanneer jy dood is, is dit of jy nooit bestaan het nie" (p. 240).

Daar bly vir die eksistensialisties georiënteerde mens net een uitweg: "When a man decides to escape from the banality of anonymous existence – which hides the nothingness of existence, or the non-reality of its possibilities, behind the mask of daily concerns – his understanding of this nothingness leads him to choose the only unconditioned and insurmountable possibility that belongs to him: death" (Abbagnano, 1978:77). Die hoë frekwensie van die doodsmotief in *Kroniek van Perdepoort* word hier relevant. Daar is enerds 'n verlange na die dood: Klaas smag daarna (p. 57), Kobus neem sy eie lewe (p. 31). Ook, egter, vrees Klaas die oomblik van doodgaan (p. 125) en Kobus het onverbloemd gevlug voor sy pa se geweerloop uit dié nag toe Koos Nek hom wou skiet (p. 210). Wijngaarden (1969:118) verklaar dat alle angs ten diepste 'n vrees vir die dood is. Daarby kom die vrees vir mislukking en vir die "skipbreuk" as gevolg van onoorkomelike beperkende situasies (dood, die worsteling en lyding inherent aan elke vorm van lewe, die elkedagse situasies); die verveling as gevolg van die herhaling

van situasies; die absurditeit van die mens se geslinger tussen die oneindigheid van sy aspirasies en die eindigheid van sy moontlikhede (Abbagnano, 1978:73). Heelwat van die gebeelde karaktereierskappe in *Kroniek van Perdepoort* word hieruit herkenbaar: Jan se vrees vir mislukking en sy gebeur teen sy beperkinge (pp. 88, 109–110); Klaas se intense verveeldheid, veral ten opsigte van herhalende situasies (pp. 124, 184); Kobus se patetiese voorneme om hom reg te ruk (p. 169); Chris se eindeloze stryd teen sy beperkende vleeslikheid (p. 131, 141–142). Die karakters se peregrinaliteit kan vervolgens geïdentifiseer en as 'n eksistensialistiese-mistieke trek uitgelig word. Almal is gedurig op reis, op weg, iewers heen onderweg, hetsy te voet, te perd, per voertuig – al is dit brandende voete (p. 127), of 'n ou knolperd (p. 80), 'n ou krok van 'n chevvy of 'n ou sedêr (p. 25). Jan dwaal heen en weer tussen huis en kleinhuisie, of werf toe om die naghemel te bestudeer in die hoop dat 'n VVV sal verskyn, besoek naywerig Attie se spanspekland om 'n spanspek tot slym te vertrap (pp. 108, 220). Annie beweeg tussen huis, hoenderhok en Pastoor se dienste buite die dorp (p. 116, 26). Adriana kuier heen en weer tussen opstal en rivier, met Chris agterna (pp. 135, 225). Klaas, so lui soos wat hy is, pak die uittog dorp toe gereeld aan (p. 121). Attie ry stelselmatig die hele poort deur – sy tog word, trouens, 'n draad waaraan baie gebeure, gesprekke, interiore monoloë en terugflitse geryg word (p. 78–151). Letta sit nie 'n oomblik lank stil nie, al jaag sy net 'n vlieg (p. 106). Kolie strompel agter sy bokke aan (pp. 82, 138, 38). Jaco rit dorp toe (p. 154). Kobus tors sy onmensige dikheid om te maal, te pars, die stookketel te besoek en die herbegrafnis by te woon, en kort-kort moet hy noodgedwonge 'n draai op die werf loop (pp. 195, 248, 43, 168). Mietjie dwaal rond tussen Land van Onskuld, Ertmanstasie en die lokasie, en weer terug na eersgenoemde (pp. 250, 16, 30). Koos Nek is die patriargale verhuiser wat hom vanuit die Boland in die poort kom vestig en maande lank heen en weer ry om sy empire te vestig (p. 21–22).

Van der Leeuw (1925:18) verklaar: "De mysticus is een reiziger. Hij is altijd op weg . . . Het geloof is in de mystiek nooit een sprong, . . . maar een langzaam, moeizaam aangelegde weg." Happold (1984:40) praat van die mistikus as: ". . . a pilgrim of eternity". Ofskoon daar hier sprake is van 'n geestelike op-weg-wees, is die fisiese rusteloosheid by die romankarakters tog 'n duiding na 'n dieper rusteloosheid, synde deel van hulle knutselende pogings om die onvolmaakte op te hef, te neutraliseer, om aan die reële werklikheid te ontflug en die rus elders te soek. Hierdie reisendheid geskied meestal man-alleen (behalwe ten

opsigte van die Sondag se ryery ná die kerk, pp. 11, 25) en getuig van die karakters se buitestanderskap, hulle alleenheid met hulle eksistensiële angs. Hulle word gedisintegreerde figure, gerelativeerde anti-helde in 'n wêrld waar niks is wat dit is nie. Selfs Kobus onthou dronkverdrietig: "Alle vlees is gras, . . . en hier is geen vaste burg nie" (p. 41).

Mistiek en eksistensialisme hang ten nouste saam in dié mate wat dit die paradoks tussen realiteit en die transendentie beklemtoon. Die eksistensie moet die mistiek begrens, inperk. Die mistiek kan andersins die lewe, by name die geloofslewe, oorwoeker (Smelik, 1973:85). Dit kan wel wees wat gebeur met die karakters in *Kroniek van Perdepoort* – dat hulle transendentie as doel najaag ten einde die paradoks te oorbrug, terwyl transendentie 'n middel tot die geloofsdoel behoort te wees.

Beide eksistensialis en mistikus het die wêreld as vertrekpunt. Hoe hulle lewensgang verder verskil, word miskien die beste opgesom deur Smelik (1973:80): "Voor de mysticus is de bestaande wereld slechts de springplank, vanwaar hij zijn sprong neemt, de eeuwigheid in; voor de man der existentie is de bestaande wereld de loopbaan, die hij in voortdurende spanning en met volledige inzet moet afleggen."

Hulle volkome aardgebondenheid kan die rede wees hoekom die karakters in die roman nie volkome mistici kan word nie. Hoedat hulle in laasgenoemde strewe verhinder word deur hulle verknegting aan die onderskeie aartssondes, sal in die volgende paragraaf belig word.

4 Samehang van sonde en mistiek

Dit spreek vanself dat mistiek, soos hemel en hel, onnodig sou wees indien daar nie sonde was nie. Nou bestaan sonde egter, en die mistikus smag na eenwording met God nadat die synsverbondenheid tussen skepsel en Skepper verbreek is. Dat hierdie unifikasie via die mens en die aardgebonde situasie moet geskied, maak huis ook die mistiek self onderhewig aan onvolmaaktheid. In *Kroniek van Perdepoort* bly elke uiting van mistiek in werklikheid onderhewig aan die deurdringing van die sonde. So, byvoorbeeld, is die huwelik, synde 'n mistieke simbool (Ghose, 1978:791), vir al die romankarakters 'n bron van ongelukkigheid (pp. 79, 148, 209, 217). Koos Nek maak ook sy vrou baie ongelukkig; daar word selfs gesuggereer dat hy vir haar vroeë dood verantwoordelik is (p. 189). Chris is wel nie getroud nie, maar dis huis as gevolg van sy boesemsonde dat die vooruitsig op 'n gelukkige huwelik

by hom gedoem is – want op die agtergrond is daar wel 'n meisie, Jansie, maar dis vir Chris met sy wellustige innerlike onmoontlik om hom tot haar aangetrokke te voel (pp. 200, 230–231).

Daar is reeds op gewys hoedat Chris se mistieke openbaringe met erotiek saamhang, en selfs met hoogmoed by hom en sy pa (kyk punt 2 hierbo): “. . . mystieken hoogmoed,” noem Van der Leeuw (1925:39) dit, in teenstelling met mistieke nederigheid.

Hierdie mistieke hoogmoed kom in die roman ook tot uiting in die karakters se eenlingskap. Dit is nie mistieke reservaat, soos Van der Leeuw (1925:39) dit noem nie, maar 'n selfgekose buitestanderskap wat die naaste uitsluit. So is Attie se verlange na suiwering eintlik 'n parodie, omdat dit ook 'n wegveeg van die medemens insluit (p. 83). Nie net Attie vind dit beter dat niemand vir hom omgee nie (“. . . jy voel vryer”, p. 167), maar ook die ander karakters verkies om die medemens uit te sluit. Reeds Koos Nek hou hom moedswillig baie eenkant (pp. 3, 19, 21, 189). Jan is bly as hy die huis soggens 'n rukkie vir homself het (p. 86). Klaas was altyd 'n mens vir afstand (p. 119). Hy sou graag net plante en anorganiese stowwe saam met hom op die aarde wou hê (p. 120). Kobus het hom as 't ware uit die samelewing uitgeëet, ou Mietjie is al geselskap wat hy het en dis vir häár beslis geen gewin nie (p. 100). Chris is 'n opperste introvert, behalwe wanneer hy seksgerig na 'n vroumens uitrek (p. 179). Jaco haat almal, behalwe Adriana (p. 228). Hierdie patologiese drang na privaatheid en mense-ontwyking, is geen positiewe eienskap nie, maar 'n geval van die liefde wat afgekoel het, soos Jesus in Matteus 24:12 profeteer ten opsigte van die laaste dae.

Mistiek, in sy suwerste vorm, keer hom daarenteen huis tot die medemens. Van der Leeuw (1925:36, 29) praat van die antroposentriese karakter van mistiek en verklaar: “Het is begrijpelijk . . . dat de mystiek . . . ook voor de gedachte van menschelijke vrijheid en persoonlijkheid geen ruimte kan laten. De mensch is instrument in de hand Gods, eigen wil, eigen bepaaldheid, heeft hij . . . achtergelaten . . .” Smelik (1973:80) beklemtoon die konkrete lewe waarin die mens en die medemens betrokke is. Of dit in liefde of in vyandskap is, die mens bevind hom in 'n samelewing en ontmoet die ander as 'n ek en 'n jy: “Hij leeft onontkombaar als een persoon, bevindt zich in gesprek, in gevecht of in liefdebetoon jegens de ander.”

Dat hierdie saambestaan van karakters in *Kroniek van Perdepoort* veelal 'n kwessie van “gevecht” is as gevolg van die toorn wat in almal

heers, is gewis. Daar is 'n voortdurende kragmeting aan die gang, hou en teenhou word uitgedeel, steke toegedien, sodat dit begin uitloop op 'n oorlewing van die sterkste – en daar is onder die karakters geen sterke nie! Vanaf die hoogste, intellektuele vlak (Klaas se gebeelde gesprek met die duiwel, p. 251–259) tot op die laagste, handtastelike vlak (Jaco se bakleery met Kolie, p. 138; Griet en Jannetjie se geskoor, p. 234; Chris se kragmeting met Adriana toe hy haar byna verkrag, p. 231) vind menslike kontak slegs op negatiewe wyse plaas. Mooier momente is daar wel, soos die verhouding tussen Adriana en Kolie (pp. 25, 28, 39, 138), asook Annie se mensliewendheid teenoor Kolie en die Bruines (pp. 144, 146). Ongelukkig kan dit nie van die hoofkarakters, te wete die Lotriet-broers, gesê word dat naasteliefde hoegenaamd 'n bres in hulle verharding slaan nie. Dit is by hulle 'n geval van of aanval of onttrekking.

As daar byvoorbeeld na Klaas se lewensmoeë gedrag gekyk word, en hoedat dit sy medemens raak, is dit duidelik dat daar van die suiwer riglyne van mistiek nie veel in sy lewe terekom nie. Hocking (1980:235) verklaar: “The mystic who knows himself is a mystic, not because he finds his world so bad that he must effect a spiritual retreat from it, but because he finds his world so good that he must perform a spiritual journey to the heart of it . . . The mystic is moved by ambition and by love. His ambition is to perfect himself, to clear his head and to purify his character.”

Happold (1984:101) gebruik die beeld van 'n bergklimmer ten opsigte van ware mistiek, teenoor die beeld van 'n kat wat in die son bak. Ook uit die oogpunt van die Oosterse filosofie word traagheid nie goedgekeur nie. Krisjna het gesê dat daar twee weë tot God is, kontemplasie en aksie (Happold, 1984:103). 'n Kenmerk van die ware mistikus is derhalwe die groot toevvoer van energie en bewustheid. Die mees energieke karakters in *Kroniek van Perdepoort* is stellig Attie, met al sy geldmaakplanne (p. 77), Chris, wat al van vyfuur af aan die gang is (maar om Adriana dop te hou!) (p. 132), miskien ook Jaco wat voortdurend timmer by sy vakansiehuisies, maar wat heeltyd op die steier liefdelose gedagtes koester (pp. 89, 178). In al die gevalle spruit hierdie energie duidelik nie voort uit heilsame geestesenergie wat ook die ligmaam aktiveer nie.

Die karakters word in hulle mistieke strewe uitermate gekortwiek deur materie en sonde. Oor die inwerking van sonde op mistiek, verklaar Van der Leeuw (1925:15–16): “Wanneer van alle dingen het . . .

aardsch-vergankelike kan worden afgenoem, . . . dan resteert . . . hetzelfde goddelijke, dat niet meer door materie of zonde (dat is hier much the same) beperkt, samenvloeit tot ééne goddelijke massa, God alles in alles."

Van 'n suiwer mistieke belewenis kom daar by dié karakters nie veel tereg nie. Klaas se inersie besorg hom swak bloedsomloop (p. 121). Chris se visies is slegs die keersy van sy wellus (p. 141). Onvolkome mistiek veroorsaak selfs bygeloof (pp. 110, 3, 4, 67, 68, 175, 237, 145, 246, 81). Hier moet daar onderskei word tussen blatante bygeloof, soos waar Letta die knypie sout oor haar skouer gooï (p. 175) en 'n soort metafisiese angs wat vir Jan 'n Slams laat raadpleeg (p. 110) en vir Attie laat vrees dat 'n lyk bo die grond jou kan skaad (pp. 81, 92).

'n Hoopvolle toon in hierdie misoes van mistiek is die betekenisvolle gebaar van Mietjie, as sy Kobus se voete was (p. 249). Maar ook hierdie mistieke gebaar kom nie tot volvoering nie want as Kobus haar omskop, gee sy finaal moed op.

Watter beginsels van mistiek daar ook al by die karakters in *Kroniek van Perdepoort* aanwesig is, word dit vanweë die sonde introverties en egosentries bedryf langs die *via negativa*, 'n weg van leegheid in plaas van ontlediging.

BIBLIOGRAFIE

- AALDERS, C. 1973. Mystiek en bevinding. (*In* Berkouwer, G.C., Hensen, R. & Posthumus Meyjes, G.H.M., *red.* Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H. Kok. p. 99–108.)
- ABBAGNANO, Nicola. 1978. Existentialism. (*In* The new encyclopaedia britannica, 7:73–78.)
- AUDEN, W.H. 1980. Four kinds of mystical experience. (*In* Woods, Richard, *ed.* Understanding mysticism. London: The Athlone Press. p. 379–399.)
- BOUWER, Alba. 1976. Sy groei saam met haar boeke. *Bylae tot die Burger*, Mei 1.
- DE KNIJFF, H.W. 1973. Mystiek en Schrift. (*In* Berkouwer, G.C., Hensen, R. & Posthumus Meyjes, G.H.M., *red.* Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H. Kok. p. 17–25.)
- GHOSE, Sisir Kumar. 1978. Mysticism. (*In* The new encyclopaedia britannica, 12: 786–793.)
- HAPPOLD, F.C. 1984. *Mysticism*. Middlesex: Penguin Books.
- HENSEN, R. 1973a. Mystiek en geloven. (*In* Berkouwer, G.C., Hensen, R. & Posthumus Meyjes, G.H.M., *red.* Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H. Kok. p. 132–145.)
- HENSEN, R. 1973b. Mystiek in opkomst? (*In* Berkouwer, G.C., Hensen, R. Posthumus Meyjes, G.H.M., *red.* Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H. Kok. p. 1–16.)

- HOCKING, William Ernest. 1980. Mysticism as seen through its psychology. (*In Woods, Richard, ed.* Understanding mysticism. London: The Athlone Press. p. 223–239.)
- JELSMAN, A.J. 1973. Mystiek en gebed. (*In Berkouwer, G.C., Hensen, R. & Posthumus Meyjes, G.H.M., red.* Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H. Kock. p. 109–118.)
- LOUW, Anna M. 1972. Anna M. Louw in gesprek met T.T. Cloete (*in Gesprekke met skrywers 2*). Kaapstad: Tafelberg, p. 61–76.
- LOUW, Anna M. 1975. Kroniek van Perdepoort. Kaapstad: Tafelberg.
- NEW ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA, THE. 1978. 15de druk. Chicago: William Benton.
- REESE, William L. 1978. Pantheism and panentheism (*in The new encyclopaedia britannica*), 13:948–954.
- SHORT, Harry Lismore. 1978. Unitarians and universalists (*in The new encyclopaedia britannica*), 18:859–862.
- S.K.G., 1984. Mysticism (*in The new encyclopaedia britannica*). Chicago: Helen Hemingway Benton. 12:786–793.
- SMELIK, E.L. 1973. Mystiek en existentie (*in Berkouwer, G.C., Hensen, R. & Posthumus Meyjes, G.H.M., red.*: Mystiek in de westerse kultuur). Kampen: J.H. Kok. p. 79–85.
- SMUTS, J.P. 1979. Kroniek van Perdepoort. Pretoria: Academica. (Blokboek RB 10.)
- VAN ANDEL, H.A. 1921. Godsdienst en wetenschap. Kampen: J.H. Kok.
- VAN DER LEEUW, G. 1925. Mystiek. Baarn: Hollandia-drukkerij.
- VOÖBUS, Arthur. 1978. Ascetism (*in The new encyclopaedia britannica*), 2:136.
- WIJNGAARDEN, H.R. 1969. Hoofdproblemen der volwassenheid. 6de druk. Utrecht: Erven J. Bijleveldt.
- WOLTERS, Clifton. 1966. Introduction to Julian of Norwich: Revelations of divine love. Middlesex: Penguin Books.